Geregistreerde finansiele diensverskaffer

FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR

MY MAKELAARS
MY BROKERS

1996/020487/23

Die klop van jou geldsake
The beat of your finance

Uitgawe 2 2021



Beste kliënte,

Gegroet van huis tot huis, ek skryf hierdie keer met koue vingers vanuit my nuwe nessie in Rosendal in die Oos-Vrystaat.

Ons het Mei amptelik verhuis. Die eerste inperking het my laat besef dat ek steeds my passie vir my werk en my mense kan uitleef van hier af, maar teen ‘n baie rustiger pas. Vroeg-oggend koffie en beskuit op die stoep met die berge as skilderdoek, proe net lekkerder, terwyl die tortel se koer-koer net nader klink.

Rosendal is ‘n piep-klein dorpie met stofstrate en beeste wat tussen die huise wei. Ons “mall” bestaan uit twee kafee/supermark winkeltjies en die Koöperasie waar jy alles koop, ook ‘n lekker Karoo skaap-tjoppie. Die petrolpompe maak Saterdag 12 uur toe en eers weer Maandagoggend oop. As jy dus swak beplan bly die naaste dorp, Senekal, - 35 kilo’s met die gate-pad – jou enigste uitweg om te kan ry.

Ons bly in ‘n stokou sandsteenhuis met dik mure en klein horkies-vensters, heerlik koel in die somer, maar boetie, in die Winter is dit gewoonlik beter buite, mits die yswindjie nie van die berge se kant af waai nie. Gelukkig is ‘n kaggel, ‘n verekombers en ook ‘n ou hanepootjie beskikbaar om dit baie beter te maak.

My plan is om so elke ses weke of wat Harties te besoek en vir die van julle wat my van aangesig tot aangesig wil sien, is ek dan daar. Vir die res van die tyd werk ek elke oggend (en party middae) vlytig voort op die rekenaar om na julle almal se sake om te sien.

Ek is dus net ‘n oproep of ‘n epos vêr en praat graag met elkeen van julle. Ritarie is ook in Harties by die kantoor beskikbaar, sou dit nodig wees om dokumente te teken, of op of af te laai en sommer as julle iets wil vra. En baie belangrik, sy is baie vriendelik en baie bekwaam! Ek skakel dus effens af maar hoop om steeds die hartklop van julle geldsake te bly. Onthou ek is steeds hier!

In hierdie nuusbrief gesels ek ‘n bietjie informeel oor boedels, die eksekuteur en jou testament.

Bly asseblief veilig, tot volgende keer. Lekker lees.

Annekie Kern

Annekie Kern

082 530 9229 I annekie@mybrokers.co.za

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die klop van jou geldsake
The beat of your finance
Uitgawe 2 2021

BOEDEL-GOED

Hierdie is ‘n baie informele geselsie oor boedel-goed en word net bedoel as ‘n bietjie raad en definitief nie as formele advies nie.

Die Testament.

Die Engelse benaming “Last Will and Testament” is dalk ‘n beter benaming vir hierdie belangrike dokument. Dit is jou laaste wense oor hoe daar met jou besittings gehandel moet word. Omdat jou omstandighede gedurig verander is dit nodig om ten minste jaarliks jou testament te hersien.

Kry kundige mense om die belangrike dokument op te stel sodat dit eenvoudig, verstaanbaar en uitvoerbaar is.

Onthou spesiale bemakings kry voorkeur bo die res van jou erfgename.

Hier is ‘n voorbeeld:

Jy bemaak R 500 000 aan jou peetkind en die res van jou boedel aan jou twee kinders. Daar is egter nie veel kontant in jou boedel nie maar wel heelwat bates soos ‘n huis, ‘n vakansieplek en ‘n motor. Omdat daar nie genoeg kontant in die boedel is nie, moet die kinders opdok om die peetkind te betaal. Net een voorbeeld van hoe dinge kan skeef loop as jou beplanning nie reg is nie.

‘n Goeie idee om oor jou bemakings te besluit, is om te dink hoe jy te werk sal gaan as jy nou, terwyl jy nog leef, al jou besittings uitdeel. Wat is die praktiese implikasies?

Die Eksekuteur.

Hierdie is ‘n baie belangrike persoon en moet met sorg gekies word. Dit is die persoon wat moet toesien dat jou weldeurdagte testament tot die letter uitgevoer word. Jy moet dus die Eksekuteur met jou boedelbeursie kan vertrou.

Hier is net ‘n paar moontlike slaggate wat jou boedel mag tref, as die verkeerde persoon aan stuur van sake is.

Die onkundige person

Boedel-afhandeling word deur die Meester se kantoor gehanteer en moet aan baie wette voldoen. As jou aangestelde Eksekuteur nie die nodige kennis het nie, sal die Meester hom/haar nie toestemming gee om die werk te doen nie, tensy ‘n kundige persoon as hulp aangestel word. Jy kan dus sommer uit die staanspoor sorg dat jy so iemand aanstel.

‘n Familie-lid

“Geld is die wortel van alle kwaad” is nie verniet ‘n baie bekende spreekwoord nie. Bitter familie-twiste het al oor erfgeld ontstaan, soveel so dat die regslui op die ou end omtrent die hele boedel “erf” en die familie permanent skeur.

Die nie-so-eerlike-persoon

Daar is allerhande maniere om voordeel uit ‘n boedel te trek, soos om bates vir ‘n appel en ‘n ui aan vriende te verkoop.

LEDE
HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; AS du Plessis; A de Ronde CFP.

Geregistreerde finansiele diensverskaffer
FDR LISENSIE NO 11048
FSB LICENCE NR
MY MAKELAARS
MY BROKERS
1996/020487/23
Die The klop van jou geldsake beat of your finance
Uitgawe 2 2021

Die Eksekuteur moet kundig en betroubaar wees en deur die wet gekontroleer word. ‘n Eksekuteurskamer is ‘n goeie alternatief en die maksimum fooi wat hulle mag vra is 3,5% (plus btw) op die bates wat hulle hanteer. Baie mense skram weg van die Eksekuteursfooi, maar die alternatief is dikwels baie duurder!

Die Boedel

Ek heg ‘n voorbeeld van die lys dokumente aan wat Stabilitas, ‘n Eksekuteurskamer, benodig by die inname van ‘n boedel. Kry ‘n lêer en begin solank al die inligting bymekaar maak vir eendag, sodat die familie nie later hoef te skarrel nie.

Terloops – Die “ou blou Id-boekie” huweliksertifikate word nie meer oral erken nie. Doen moeite om betyds by Binnelandsesake ‘n nuwe huweliksertifikaat te kry.

Bates wat vergete bly veroorsaak dat die boedel weer heropen moet word en dit bring ekstra kostes mee. Bêre inligting van alles wat jy het, in jou lêer, dit sluit goed soos begrafnisdekking en aandele in.

Hoe lank neem dit vir ‘n Boedel om afgehandel te word?

‘n Hele paar maande tot jare. ‘n Aanstelling deur die Meester se kantore, verlore dokumente soos waardasies en skeibriewe, Jan Tax, oordrag en waardasie van eiendom en dispute is maar ‘n paar dinge wat die proses vertraag.

Na alles gesê is en bly dit maar ‘n baie goeie idee om liewer met die hartklop van jou geldsake te gesels om seker te maak die belangrike saak verloop glad en ook om seker te maak daar is genoeg kontant om die boedel af te handel asook om die familie te versorg totdat die saak afgehandel is.

Die The klop van jou geldsake beat of your finance

LEDE
HR du Plessis BA IQA; AM E Kern BA HOD; JI Olivier; AS du Plessis; A de Ronde CFP.